DIE CHRISTELIKE EN NASIONALE SEKONDÊRE MEISIESKOOL ORANJE
BLOEMFONTEIN
Posbus 29335, Danhof 9310

Beste Graad 9- tot Graad 12-ouer

Ons het gepoog om die stelsel hierdie jaar meer gebruikersvriendelik te maak. Neem dus kennis van die volgende:

1. U dogter behou haar gebruikersnaam en wagwoord wat ook beskikbaar sal wees op die webblad. Die nuwe leerders sal so gou as moontlik geregistreer word en sal dan ook op die webwerf beskikbaar wees.

2. Die handboeklyste is op Microsoft Excel beskikbaar. U laai die handboeklys af wat op u dogter van toepassing is.

3. Die harde kopieë wat u dogter moet aankoop, is op die "247 harde kopie bladsy". Volg asseblief die instruksies onder aan die bladsy.

4. Die e-boeke wat u dogter moet aankoop, sal dan onder ITSI-bladsy van haar graad wees. Volg hier ook die instruksies onder aan die bladsy.

5. U sal ook op die webwerf 'n brief kan aflaai waarin die minimum spesifikasies van u dogter se tablet is.

6. 'n Bykomende bladsy waarop grafies aangedui word hoe om die e-boeke aan te koop is ook beskikbaar.

7. Boeke kan van hierdie jaar af vir langer kontrakte aangekoop word. Die volgende vakke se handboeke kan dus vir onderskeidelik 1/2/3-jaarkontrakte aangekoop word aangesien die leerder die boeke vanaf graad 10-12 gebruik.

   Rekenaartoepassingstegnologie Graad 10-12
   Fisiese Wetenskap Graad 11-12
   Wiskunde Graad 11-12

Indien daar egter enige onsekerheid is, skakel me. Cloete gerus by 082 898 0815 of stuur verkieslik 'n e-pos na deirdrevdm20@gmail.com.

Oranje-groete!

MEV. A. KLINK
SKOOLHOOF

ME. D. CLOETE